Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark
Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

19 April 2024

Geagte Ouers

Die winterseisoen is amper hier en ons wil graag belangrike inligting, aangaande u kind se wintersdrag-vereistes, met u deel.

Die huidige skoolsweetpak mag tans nog deur Graad 1-3 leerders gedra word, met oorheersend wit tekkies. Die formele winter-uniform, wat 'n langmouhemp, das, trui en swart skoene insluit, mag alternatiewelik gedra word.

Die formele winteruniform is verpligtend vir die Graad 4-7 leerders, maar leerders mag steeds hulle sweetpakke by offisiële sportgeleenthede en die dae wat hul LO het, dra.

'n Splinternuwe sweetpak, met 'n nuwe ontwerp, sal binne 3-5 weke by die verskaffers beskikbaar wees. Hierdie nuwe sweetpakke sal geleidelik, oor die volgende 2 winters, ingefaseer word.

Die huidige sweetpak sal steeds by die verskaffers beskikbaar wees totdat die huidige voorraad heeltemal klaar is.

Die nuwe sweetpak kan vooraf vanaf ons verskaffers in Sasolburg, Vaalpark en Vanderbijlpark, bestel word. Alhoewel die huidige sweetpakke nog in voorraad is, is dit belangrik om daarop te let dat die nuwe ontwerp geleidelik die standaard keuse sal word. Die verskaffers is hard besig, om te voorsien dat daar genoeg voorraad is van die skoolklere en sportklere, ons is bewus van die tekort aan voorraad.

Ons waardeer u begrip en ondersteuning met hierdie oorgang. Indien daar enige onduidelikhede hieroor is, is u welkom om die skool in verband daarmee te kontak.

Vaalpark-groete

JH Erasmus

Waarnemende Skoolhoof